# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 21

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die [illegible] van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die [illegible] van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou [illegible] ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

Vraag 55: Wat [illegible] jy onder die gemeen[illegible] van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, alm[illegible]m en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeen[illegible]en aan al sy [illegible]s deel[illegible] dat elkeen verp[illegible]m sy gawes [illegible] van die a[illegible]ede aan te

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God



Johannes 10:11: Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

Handelinge 20:28: Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg.

Efesiërs 4:11-13: En Hy het sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars gegee, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, om die liggaam van Christus op te bou, totdat ons almal kom tot eenheid in geloof en in kennis van die Seun van God, en tot 'n volwassenheid wat in ooreenstemming is met die volgroeide gestalte van die volheid van Christus.

Efesiërs 5:26: sodat Hy haar kon heilig, deurdat Hy haar gereinig het deur die was met water en die woord.

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag



Genesis 26:4: Ek sal jou nageslag so talryk maak soos die sterre aan die hemelruim, en aan jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee. Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag

Jesaja 49:6: Hy het gesê: “Dit is nie genoeg dat Jy vir My 'n Dienskneg is om die stamme van Jakob op te rig nie, om dié wat bewaar gebly het van Israel, te laat terugkeer nie. Ek gee Jou as 'n lig vir nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde.”

Romeine 10:10-11: Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos. Die Skrif sê tog: “Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie

Openbaring 5:9: Toe sing hulle 'n nuwe lied: “U is waardig om die boekrol te neem, en die seëls daarvan oop te breek, omdat U geslag is, en met u bloed mense vir God gekoop het, uit elke geslag en taal en volk en nasie.

# Heidelbergse Kategismus — Sondag: 21

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?



Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is,

Psalm 111:1: Ek wil die HERE prys met my hele hart, in die kring van opregtes en in die byeenkoms.

Handelinge 20:28: Pas julleself op, en ook die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om die gemeente van God, wat Hy deur sy eie bloed verwerf het, herderlik te versorg.

Romeine 8:29: want Hy het hulle wat Hy reeds tevore geken het, ook vooruit bestem om gelykvormig aan die beeld van sy Seun te word, sodat Hy die Eersgeborene onder baie broers kan wees;

Efesiërs 1:10-13: om die volheid van die tye te bestuur, en om alle dinge – die dinge in die hemel en die dinge op die aarde – onder een Hoof in Christus saam te bring, In Hom is ons ook as erfgename uitverkies, voorbestem volgens die voorneme van die Een wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur, sodat ons, wat van die begin af ons hoop op Christus gevestig het, kan bestaan tot lof van sy heerlikheid. In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees, wat beloof is.

Hebreërs 12:22-23: Nee, julle het aangekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, by die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike byeenkoms, en 'n gemeente van eersgeborenes wat opgeteken is in die hemele, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is,

1 Petrus 2:9: Julle, egter, is “'n uitverkore geslag”, “'n koninklike priesterdom”, “'n heilige nasie”, “'n volk wat aan God behoort”, “sodat julle die deugde kan verkondig” van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord



Jesaja 59:21: “Wat My betref, dit is my verbond met hulle,” sê die HERE: “My Gees wat op jou rus en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal nie uit jou mond wyk, of uit die mond van jou nageslag, of uit die mond van jou nageslag se nageslagte nie, van nou af en vir altyd,” sê die HERE.

Romeine 1:16: Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek

Romeine 10:14-17: Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig? En hoe kan hulle dit verkondig as hulle nie gestuur word nie? Soos daar geskryf staan: “Hoe lieflik is die voetstappe van diegene wat die goeie boodskap verkondig!” Nie almal het egter aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja vra immers: “Here, wie het geglo toe hulle ons gehoor het?” Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.

Efesiërs 5:26: sodat Hy haar kon heilig, deurdat Hy haar gereinig het deur die was met water en die woord.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 21



Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof

Johannes 17:20-21: "Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde in My glo, dat hulle almal een kan wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, en dat hulle ook in Ons kan wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

Handelinge 2:42: 42 Hulle het bly volhard in die leer van die apostels, die verbondenheid met mekaar, die breek van die brood, en gebede.

Efesiërs 4:3-5: en julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk, te bewaar deur die band van vrede – een liggaam en een Gees, soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is: een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is.

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?



Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe

Psalm 71:17-18: O God, U het my geleer van my jeug af, en tot nou toe maak ek u wonderdade bekend. Selfs tot in die ouderdom en grysheid, o God, moet U my nie verlaat nie, totdat ek aan die nageslag die mag van u arm bekend gemaak het, aan almal wat kom, u mag.

Jesaja 59:21: "Wat My betref, dit is my verbond met hulle," sê die HERE: "My Gees wat op jou rus en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal nie uit jou mond wyk, of uit die mond van jou nageslag, of uit die mond van jou nageslag se nageslagte nie, van nou af en vir altyd," sê die HERE.

1 Korintiërs 11:26: Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom.

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?



Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou

Psalm 129:1-5: Van my jeug af het hulle my dikwels aangeval – laat Israel dit sê – van my jeug af het hulle my dikwels aangeval, tog kon hulle nie oor my die oorhand kry nie. Ploeërs het oor my rug geploeg, hulle ploegvore lank getrek; maar die HERE is regverdig – Hy het die goddeloses se toue stukkend gesny. Mag almal wat Sion haat, beskaamd staan en terugdeins.

Matteus 16:18: en slange met hulle hande optel. As hulle iets dodeliks sou drink, sal dit hulle nie kwaad aandoen nie, en op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.”

Johannes 10:28-30: Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.”

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?



Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is

Romeine 8:10: Maar as Christus in julle is, is die liggaam, as gevolg van die sonde, wel dood; daarenteen, op grond van die regverdiging, is die Gees lewe.

2 Korintiërs 13:5: Ondersoek julleself of julle in die geloof is; toets julleself. Ken julle julleself dan nie? Besef julle dan nie dat Jesus Christus in julle is nie? Tensy julle die toets nie deurstaan het nie.

1 Johannes 3:14: Ons weet dat ons uit die dood oorgegaan het na die lewe, omdat ons ons broers liefhet. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.

1 Johannes 3:19-21: En hieraan sal ons weet dat ons uit die waarheid kom, en met 'n geruste gewete voor God kan staan: Wanneer ons gewete ons veroordeel, God is groter as ons gewete en Hy weet alles. Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, kan ons met vrymoedigheid voor God staan.

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 21

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?



Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

Psalm 23:6: Net goedheid en troue liefde sal my volg al die dae van my lewe, en ek sal terugkeer na die huis van die HERE, tot in lengte van dae.

Johannes 10:28: Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie

Romeine 8:35-39: Wat sal ons van die liefde van Christus skei? Swaarkry of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Soos daar geskryf staan: "Ter wille van U word ons die hele tyd aan die dood uitgelewer, word ons as slagskape beskou." Maar in dit alles is ons selfs meer as oorwinnaars deur Hom wat sy liefde aan ons bewys het. Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

1 Korintiërs 1:8-9: Hy sal julle ook tot aan die einde standvastig maak, sodat julle sonder blaam sal wees op die dag van ons Here Jesus Christus. God is getrou, deur wie julle geroep is tot verbondenheid met sy Seun, Jesus Christus, ons Here.

1 Petrus 1:5: ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.

1 Johannes 2:19: Hulle het uit ons geledere gekom, maar hulle was nie werklik deel van ons nie; want as hulle werklik deel van ons was, sou hulle by ons gebly het. Maar dit moes duidelik word dat nie een van hulle deel van ons is nie.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?



Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het.

Romeine 8:32: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie?

1 Korintiërs 6:17: Maar die persoon wat homself aan die Here verbind, is een gees met Hom.

1 Korintiërs 12:12-13: Want soos die liggaam 'n eenheid is, maar uit baie ledemate bestaan, en al die ledemate van die liggaam, alhoewel hulle baie is, een liggaam vorm, so is dit ook met Christus. En ons is tog álmal deur die een Gees in een liggaam in gedoop – Jode of Grieke, slawe of vrymense – en ons is almal met een Gees deurdrenk.

1 Johannes 1:3: Ja, wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons ook aan julle, sodat ook julle aan ons verbonde kan wees. En ons verbondenheid is aan die Vader en aan sy Seun Jesus Christus.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?



Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

1 Korintiërs 12:21:Die oog kan tog nie vir die hand sê, “Ek het jou nie nodig nie,” of die kop weer vir die voete, “Ek het julle nie nodig nie.”

1 Korintiërs 13:1: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het nie liefde nie, dan het ek 'n weergalmende ghong of 'n kletterende simbaal geword.

1 Korintiërs 13:5: Liefde tree nie onbehoorlik op nie, jaag nie eiebelang na nie, is nie liggeraak nie. Dit hou nie boek van die kwaad nie,

Filippense 2:1-8: Daarom, as daar enige aansporing in Christus is, as daar enige troos uit die liefde is, as daar enige gemeenskap van die Gees is, as daar enige innige meelewing en ontferming is, maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees – een in liefde, een van gees, een in denke; deur nie iets uit selfsug of ydelheid te doen nie, maar in nederigheid die een die ander hoër te ag as homself; deur elkeen nie net na sy eie belange om te sien nie, maar ook na dié van ander. Laat dan die gesindheid wat daar in Christus Jesus was, ook in julle wees: Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?



Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry,

2 Korintiërs 5:19: Dit bestaan daarin dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle nie hulle oortredings toe te reken nie; en Hy het aan ons die boodskap van versoening toevertrou.

1 Johannes 1:7: maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde

1 Johannes 2:2: En Hy is die versoening vir ons sondes – nie net vir óns sondes nie; maar ook vir dié van die hele wêreld.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?



Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk

Psalm 103:3: Hy wat al jou sondeskuld vergewe, wat al jou siektes genees,

Psalm 103:10: Hy behandel ons nie ooreenkomstig ons sonde nie en vergeld ons nie ooreenkomstig ons sondeskuld nie;

Psalm 103:12: So ver as wat die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredings van ons.

Jeremia 31:34: ulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê, ‘Ken die Here!’ nie, want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle,” is die uitspraak van die HERE. “Want Ek sal hulle sondeskuld vergewe en aan hulle sonde sal Ek nie weer dink nie.”

Miga 7:19: wat ons weer genadig sal wees, ons skuld sal vertrap. U sal al ons sondes in die dieptes van die see gooi.

Romeine 7:23-25: maar ek sien 'n ander wet wat in my ledemate oorlog voer teen die wet van my verstand en my krygsgevange neem deur die wet van die sonde wat in my ledemate is. Ellendige mens wat ek is! Wie sal my tog red uit hierdie doodsbestaan? Aan God die dank – deur Jesus Christus, ons Here! So dien ekself dan met my verstand die wet van God, maar met my sondige aard die wet van die sonde.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?



Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

Johannes 3:18: Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die unieke Seun van God geglo het nie.

Johannes 5:24: Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan.

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

## SONDAG: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 54

Vraag: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God[1] uit die hele menslike geslag[2] vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is[3], deur sy Gees en Woord[4] in die eenheid van die ware geloof[5] van die begin van die wêreld af tot die einde toe[6] vergader, beskerm en onderhou[7] en dat ek daarvan 'n lewende lid is[8] en ewig sal bly[9].

1. Johannes 10:11: Handelinge 20:28: Efesiërs 4:11-13: Efesiërs 5:26
2. Genesis 26:4: Jesaja 49:6: Romeine 10:10-11: Openbaring 5:9
3. Psalm 111:1: Handelinge 20:28: Romeine 8:29: Efesiërs 1:10-13: Hebreërs 12:22-23: 1 Petrus 2:9
4. Jesaja 59:21: Romeine 1:16: Romeine 10:14-17: Efesiërs 5:26
5. Johannes 17:20-21: Handelinge 2:42: Efesiërs 4:3-5
6. Psalm 71:17-18: Jesaja 59:21: 1 Korintiërs 11:26
7. Psalm 129:1-5: Matteus 16:18: Johannes 10:28-30
8. Romeine 8:10: 2 Korintiërs 13:5: 1 Johannes 3:14: 1 Johannes 3:19-21
9. Psalm 23:6: Johannes 10:28: Romeine 8:35-39: 1 Korintiërs 1:8-9: 1 Petrus 1:5: 1 Johannes 2:19

## SONDAG: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 55

Vraag: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het[1]. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend[2].

1. Romeine 8:32: 1 Korintiërs 6:17: 1 Korintiërs 12:12-13: 1 Johannes 1:3
2. 1 Korintiërs 12:21: 1 Korintiërs 13:1: 1 Korintiërs 13:5: Filippense 2:1-8

## SONDAG: 21 - VRAAG EN ANTWOORD: 56

Vraag: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?

Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry[1], nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk[2] sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie[3].

1. 2 Korintiërs 5:19: 1 Johannes 1:7: 1 Johannes 2:2
2. Psalm 103:3: Psalm 103:10: Psalm 103:12: Jeremia 31:34: Miga 7:19: Romeine 7:23-25
3. Johannes 3:18: Johannes 5:24